

# St. Perpetua & St. Felicitie
## 7 Maart

(sterf c.203)

Toe die Romeinse keiser Septimus Severus alle bekerings tot die Christelike geloof verbied het, is Perpetua, 'n getroude vrou, haar swanger slavin Felicitie, en etlike ander gelowiges in Karthago in Noord-Afrika gevange geneem. Toe hul weier om hul geloof af te sweer is hulle veroordeel om in die stad se amfiteater vir die wilde diere gevoer te word. Ons beskik oor 'n geskrif wat uit daardie tyd dateer en die laaste dae van hierdie groepie Christene noukeurig beskryf. Voor die bloedlustige skare het die wilde diere hulle verskeur, maar hul dapperheid en moedige martelaarskap het 'n groot impak gemaak op die heidense bevolking en die getalle mense wat tot die Christelike geloof bekeer het, het toegeneem.

© Die Oratorium Uitgewery